Bees Bestuursprogram

Omdat ons produsente se dektye verskil word net ‘n algemene riglyn vir die enting van beeste gegee , gerig op ouderdom van die diere. Begin by dragtige koeie of verse totdat die kalf gespeen is en daarna die tydperk totdat die verskalf uitgegroei is tot dek ouderdom. Sien die tabel 1 hier onder aan :

Siekte	Ouderdom van ent	Opmerking
1. Clostridiale siektes 2. Rota en corona virus diarree 3. Milt en Lamsiekte 4. Multimin en Vit A	Dragtige vroulik – 4 tot 6 weke voor kalf	Die entings is meestal vir die opbou van teenliggaampies in die biesmelk vir die kalf. Ander siektes wat dalk ‘n probleem in jou kuddes soos Respiratoriese siektes kan ook dan nou gedoen word.
1. Vibrio 2. BVD 3. RB51 4. Multimin + Vit A	Koeie 4 weke voor dek	RB51 is hier ‘n baie goeie opsie indien jou kudde se verse nie teen BM geënt was op die regte tye nie en sommer ook omdat BM al hoe meer in ons omgewings voorkom.
1. Doseer vir Melk lintwurm 2. 1ste Clostridiale siektes 3. 1ste Respiratoriese siektes	Kalwers 3 maande oud	Die gesonde en ontwurmde kalwers maak definitief ‘n verskil op speengewig en kondisie van die kalf.
1. BM op verskalwers S19 2. 2de Clostridiale siektes 3. 2de Respiratoriese siektes	4 weke na vorige enting van kalwers.	Die opvolging enting van hierdie siektes is uiters belangrik vir goeie immuniteit op die kalf. Om S19 so vroeg as moontlik toe te dien, is veiliger.
1. Multimin en Vit A 2. Knopvelsiekte 3. Slendalkoors 4. BVD 5. Milt en Lam	Speenouderdom	PASOP - tydens speen is die kalf onder stres en dus moet daar gewag word dat die kalf tot ruste kom voordat enige enting kan plaasvind. Die stres het ‘n negatiewe impak op die kalf se opneem van die entstof. BVD moet opgevolg word met ‘n 2de spuit 4-6 weke na die eerste spuit.
1. Afrika en Asiatiese Rooiwater 2. Galsiekte 3. Hartwater 4. 3 dae stywe siekte 5. Ensiotiese aborsie	Nog ander siektes om na speenouderdom te oorweeg indien nodig.	Hang van elke omgewing of kudde af.
6. 1ste RB 51	Verskalwers 8-9 maande ouderdom	Wag dat speenstres verby is.
1. BVD 2. 2de RB 51	Verskalwers – 18 maande	Na al hierdie reeks entings tydens speen, kan die verskalwers eers weer een jaar

3. Ontwurm 4. Lewerslak {indien nodig}	ouderdom of 8 weke voor dek	daarna geënt word. Multimin en Vit A kan elke 3mnde toegedien word indien nodig.
1. 2de Vibrio 2. Multimin En Vit A	Verskalwers – 4 weke voor dek	Daar is ook Vibrin van Zoetis wat slegs eenmalig toegedien kan word teen Vibrio indien die Vibrio van Onderstepoort nie beskikbaar is nie.

Tabel 1. Riglyn-entingstabel.

LW – HIERDIE IS SLEGS 'N RIGLYN OM TE GEBRUIK. Dus is ons raad dat jy eers jou persoonlike veearts nader om jou unieke program volledig uit te werk.

Die fokuspunt van die riglyn-entingstabel is gerig op jou jongdiere wat die meeste vatbaar vir die siektes is. Deur die vervangingsverse se immuniteit goed op te bou verbeter en versterk dit jou teelkudde se immuniteit vir die toekoms.

Kom ons produseer produktief en volhoubaar!

Nelius Ferreira
Vise – Voorsitter Vrystaat RPO,

Voorsitter Vrystaat RPO Boerdery Bestuurskomitee